

BEPERKTE DEMOKRATIESE MAGSDELING NODIG

'N RUIMER vorm van „beperkte demokrasie” wat op magsdeling sal berus, word deur prof. Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch bepleit in sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie*, wat aanstaande week by die uitgewers Academica verskyn.

Sy plan vir 'n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika behels die voorstel dat daar groepsverteenvoording in 'n sentrale parlement moet wees en dat die verteenwoordigers van bevolkingsgroepe of deur onderhandelinge of op grond van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling bepaal word.

Prof. Terreblanche bereken dat, op grond van hul onderskeie bydraes tot die bruto nasionale produk, 'n volksraad van 200 lede sal bestaan uit 140 blankes, 20 Kleurlinge, 6 Indiërs en 34 swartes. Die verteenwoordiging moet dan elke tien jaar hersien word, aangesien die bydrae van elke volksgroep geleidelik kan verander.

Daarby meen prof. Terreblanche dat 'n senaat geskep moet word met vetoregte oor begrotingsake, met verteenwoordiging in ooreenstemming met elke volksgroep se belastingbydrae.

Prof. Terreblanche sê in sy verantwoording vooraf onder meer:

„Die ondervinding het my daarvan oortuig dat 'n kursus in ekonomiese geskiedenis nie werklik relevant en aktueel vir studente is of kan wees tensy dit op 'n samehangende wyse lei tot besinning oor die kontemporêre probleme

van die Westerse wêreld en Suid-Afrika nie. Daarom het ek in die laaste twee hoofstukke die historiese perspektiewe — wat ek meen die strukturele analise van die ekonomiese geskiedenis van die Westerse wêreld geopen het —

UITTREKSELS uit prof. Sampie Terreblanche se boek* sal môre en oormôre in Die Burger verskyn.

Die eerste uittreksel, wat môre verskyn, handel oor sy siening van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika.

Die tweede sal handel oor prof. Terreblanche se stelling dat die establishment van die Afrikaners sowel as die Engelssprekendes in Suid-Afrika anachronisties is en dat nuwe denke en waarde-oriëntasies vir albei nodig is.

* **DIE WORDING VAN DIE WESTERSE EKONOMIE**, 'n strukturele analise met 'n toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie. Uitgegee deur Human en Rousseau-Academica, Pretoria en Kaapstad.

gebruik om die aandag te vestig op die strukturele probleme wat die Westerse wêreld en Suid-Afrika tans ondervind.

„Maar om die eenheid en aktualiteit van verlede, hede en toekoms te probeer saambind, het ek my ook die vryheid veroorloof om in die laaste twee hoofstukke te spekuleer oor die moontlike strukturele veranderinge wat in die

volgende dekade of twee in die Westerse Wêreld in Suid-Afrika ondervind kan word, en oor die strukturele verband wat moontlik tussen toekomstige gebeure in dié twee wêrelddele kan bestaan.”

Hy sê voorts:

„Hierdie strukturele analise van die ekonomiese geskiedenis van die Westerse wêreld het aan my ook die geleentheid gebied om die wording van die kapitalistiese ekonomie en die strukturele veranderinge waaraan dié stelsel voortdurend onderworpe is vanweë verandering in sowel die wêreld van waardes en idees as die wêreld van wetenskap en tegnologie, in historiese perspektief te probeer stel.

„Ek vertrou dat my standpunt omtrent die noodsaaklike aanpassings en hervormings wat enige ekonomiese stelsel — en daarom ook die kapitalistiese stelsel — moet ondergaan as dit telkens funksioneel wil wees in terme van die gekose doelstellings, van belang sal wees in die welkome debat wat in die jongste verlede — en weliswaar in 'n ontstellende laat stadium — oor ekonomiese stelsels in Suid-Afrika 'n aanvang geneem het.”

Prof. Terreblanche sê sy studie het aan hom die geleentheid gebied om die nuwe en samehangende wisselwerking wat oor die afgelope duisend jaar bestaan tussen ekonomiese, poli-

tieke en kulturele kragte enersyds, en tussen nasionale en internasionale gebeure andersyds, as 'n integrale deel van die strukturele model te analiseer.

„Die strukturele model berus op die oortuiging dat kolonialisme/imperialisme universele fenomene is waardeur ekonomiese, politieke en kulturele kragte die gang van gebeure op nasionale en internasionale vlak op allerhande maniere geslyp het en nog steeds slyp. Om hierdie rede is verskillende vorme van kolonialisme/imperialisme as *leitmotiv* gebruik. Die noue en samehangende wisselwerking tussen ekonomiese, politieke en kulturele kragte enersyds, en tussen nasionale en internasionale gebeure andersyds, is na my mening ook onontbeerlik vir 'n sinvolle interpretasie van die Suid-Afrikaanse probleemstelling en vir enige beeld van die opsies wat vir Suid-Afrika oop is.”

Hy sê hy hoop van harte dat dit 'n positiewe bydrae sal maak om die leser te oortuig van die dringendheid van die Suid-Afrikaanse problematiek en van die noodsaaklikheid van ingrypende aanpassings en hervormings van ons ekonomiese en politieke stelsels in die onmiddellike toekoms indien ons nog daarin wil slaag om 'n werkbare oplossing langs *evolusionêre* weg te vind.

In die boek word heelwat aandag bestee aan

die rol wat die Verenigde State ná die Tweede Wêreldoorlog gespeel het en aan die beoefening van neo-imperialisme deur die multi-nasionale maatskappye.

Die probleme van die Derde Wêreld en dié



PROF. TERREBLANCHE

lande se eise vir 'n nuwe internasionale ekonomiese orde sowel as die agteruitgang van die oorheersende rol van die Verenigde State word uitvoerig bespreek. Prof. Terreblanche stel die vraag of 'n nuwe wêreldorde nog lank vermy kan word.

In sy laaste, belangrike hoofstuk soek prof. Terreblanche 'n parallel tussen die opeenvolgende struktuurperiodes van die Westerse wê-

reld en dié van Suid-Afrika. Hy wys daarop dat Suid-Afrika se geskiedenis geslyp is deur 'n verskeidenheid van koloniale en imperialistiese strominge en die teenkragte wat dit uitgelok het.

Voorts probeer hy 'n parallel trek tussen Suid-Afrika as mikro-kosmos van die Eerste en die Derde Wêreld en die makro-kosmos van dié twee wêrelddele.

Hy sê in Suid-Afrika word 'n vorm van „interne etniese neo-kolonialisme” beoefen, terwyl neo-imperialisme in die makro-kosmos aan die orde van die dag is. In albei is kragte aan die werk vir die skepping van nuwe ordes. Die vraag wat prof. Terreblanche hieroor stel, is of die nuwe ordes nog op evolusionêre wyse tot stand kan kom.

Hy toon aan dat die „een-mens-een-stem-demokrasie” in Suid-Afrika nie ekonomies haalbaar is nie, omdat die moderne sektor en die belastingkapasiteit van die land dit nie toelaat nie. Hy beweer voorts dat die vermoë van ons ekonomie wel ruimte bied vir wat hy 'n „ruimer vorm van beperkte demokrasie” noem.

In sy laaste hoofstuk toon prof. Terreblanche ook aan dat dit net die Nasionale Party is wat oor die legitimiteit, die mag en die organisasie-apparaat beskik om 'n nuwe politieke bedeling op evolusionêre wyse teweeg te bring. Sonder magsdeling is dit in elk geval nie moontlik nie, meen hy.

More: 'n Nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika.